Publication: Beeld, Saturday (Sport)
Publication Date: 01 Sep 2018
Page: 35

AVE: 19668.00
Circulation: 36105
Part: 1 of 1

# Netbal: Hier kom 'n stryd soos min!

**Annchen Nel**

Netbalondersteuners moet môre maar vergeet van 'n laatmiddagkuiertjie, *Carte Blanche* of die agtuur-fliek op M-Net.

Hulle moet eerder hul sit voor die TV kry, want 'n gróót noord-suid-derby word om 19:00 beslis.

Die Maties en Tuks kruis swaarde in die derde ronde van die Varsitybeker-reeks.

Die Stellenbossers, die Kovsies, Noordwes-Universiteit en Nelson Mandela-Universiteit is almal onoorwonne ná twee wedstryde elk.

Zanele Mdodana se Maties-span is danksy 'n beter doelgemiddelde eerste op die puntelys.

Tuks, die verdedigende kampioen, het hul veldtog met twee nederlae begin en sal in die Eikestad hard wil terugslaan.

Mdodana besef dit, maar haar spelers moet net fokus op dit wat hulle die beste tussen die vier lyne kan doen.

Sy sê ná die eerste twee wedstryde weet sy wie van haar spelers onder druk sal kan presteer. "Ek het in die eerste twee wedstryde van die jongelinge speelkans gegee.

"Varsity-netbal is 'n ander gedierte. Dit is lawaaierig met musiek én die kragspel."

Mdodana sê haar spelers was klinies in hul eerste twee oorwinnings en het goeie spanvertonings gelewer.




**Nichole Taljaard (hulpdoel) was verlede Maandagaand die Speler van die Wedstryd in die Maties se buurstryd teen UWK. Haar doelskietmaat, Charmaine Baard, was die akkuraatste doel.**



**Die Protea-doel Ine-Marí Venter was verlede Maandag die Speler van die Wedstryd in Tuks se nederlaag van 73-81 teen Noordwes-Universiteit.**

Foto's: VARSITY SPORTS

Die Maties het teen die Vaal Universiteit van Tegnologie (VUT) 96 doele opgestapel – hul meeste nóg in dié kompetisie.

Mdodana vereis van haar spelers om ook teen swakker teenstand gedissiplineerde spel op te dis – dit raak 'n "gewoonte".

Die Maties het verlede jaar derde geëindig en het vanjaar hoër aspirasies.

Die geskiedenis is teen die Stellenbossers: Van die agt VB-wedstryde wat hulle teen Tuks gespeel het, het hulle nog net een gewen. Dit was in 2015 se halfeindronde.

Sulke statistieke behoort egter tot die verlede.

■ **Maties:** Charmaine Baard, Sian Moore, Nichole Taljaard, Abeline Olivier, Adri Uys, Carla Werth (k), Sasha-Lee Petersen, Zhane Petersen, Alison Malgas, Caleigh Stuart, Lauren Adendorf, Stephanie Brandt.

**Tuks:** Anique Grobler, Jeanette Vermeulen, Marilyn Cilengi, Juzelri Garbers, Ine-Mari Venter, Chantelle Swart, Tshina Mdau (k), Akosua Mensah, Danielle van Zyl, Marlize de Bruin, Lungile Mthembu, Jeanté Strydom.

■ **Program:**

**Sondag: By Kovsies:** 17:30: NWU t. UWK; 19:00: Kovsies t. VUT; **By Maties:** 17:30: Madibaz t. UJ; 19:00: Maties t. Tuks; **Maandag: By Kovsies:** 17:30: VUT t. NWU; 19:00: Kovsies t. UWK; **By Maties:** 17:30: Tuks t. Madibaz; 19:00: Maties t. UJ.

**TV:** Sondag om 18:55 regstreeks op SS 11.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.